

Nkosi sikelel' i-Afrika

1. Uit duisende monde word die lied gedra.
2. Ek sluit my oë; soos 'n serafskoor
3. val daar stemme strelend op my oor;
4. “Nkosi sikelel' i-Afrika” –
5. Ons vra U seën, o Heer, vir Afrika.
6. Ek kyk, en sien die skare voor my staan:
7. Zoeloe en Kosa, Soeto en Sjangaan,
8. en ek, 'n Blanke – vele volkre, ja –
9. almal verenigd om Gods seën te vra
10. op net een tuiste, net een vaderland,
11. want die Alwyse het ons saam geplant
12. en saam laat wortel in Suid-Afrika.
13. “Nkosi sikelel' i-Afrika” –
14. seën, Heer, die land wat vele volkre dra.

Nkosi sikelel' i-Afrika deur H.A. Fagan

(Bl. 39 in *Vers en vlam*)

WAAROOR GAAN DIE GEDIG?

'n Groot koor van stemme sing die woorde "God seën Afrika". Die spreker sien 'n groot groep van verskillende mense wat die woorde sing. Dit is vir hom baie mooi en hy stem saam dat ons tot God moet bid en sy seën vra op al die groepe mense van ons land, want al die groepe is in hierdie land gesit om saam hier te lewe. Hy noem Suid-Afrika "die land wat vele volkre dra".

A massive choir is singing the words "God save Africa". The choir consists of many different groups of people. The speaker finds the singing beautiful and he agrees that we must pray to God and ask his blessing on all the different people in our country. They were all put here to live together. He calls South Africa "the land that supports many nations".

NOG WOORDVERKLARINGS

- r. 3 stemme (*voices*)
- r. 6 skare (*crowd*): baie mense bymekaar
- r. 9 verenigd (*unified; as one*): saam as een
- r. 10 tuiste (*home*): blyplek
- r. 14 vele (*many*): baie

LEES DIE GEDIG

Hierdie gedig is gebaseer op die lied wat deel uitmaak van ons volkslied. Gaan lees by die volgende webadres hoe ons volkslied ontstaan het: www.mieliestronk.com/volkslied.html

Fagan het hierdie gedig in 1949 geskryf. Dit is gebaseer op die lied wat Enoch Sontonga reeds in die vorige eeu geskryf het, "Nkosi Sikelel' iAfrika". Hierdie lied is in 1925 aanvaar as die slotgesang van die vergaderings van die ANC, en was voor dit 'n bekende lied wat deur kore uitgevoer is.

"Die Stem van Suid-Afrika" was vanaf 1957 die amptelike volkslied van die ou regering. Dit is geskryf deur C.J. Langenhoven en die musiek is deur M.L. de Villiers gekomponeer.

Dele van "Nkosi Sikelel' iAfrika" en "Die Stem van Suid-Afrika" vorm nou saam ons nuwe volkslied.

Hierdie gedig is egter gebaseer op die eerste lied van Sontonga.

Dit is in die vorm van 'n Engelse sonnet geskryf en bestaan uit drie kwatryne en 'n rymende eindkoeplet. Paarrym word gebruik. Soos in die oorspronklike kerklied vra die spreker dat God Afrika en Suid-Afrika moet seën. Hy voel ons, al die verskillende groepe in ons land, is saam hier geplaas deur God en dat ons saam hier in een vaderland moet woon.

ONDERRIGVRAE OOR DIE GEDIG

Met die gedig langs jou, beantwoord die volgende vrae:

- 1 Kies die korrekte antwoord:

Hierdie gedig is ...

- A. 'n vertaling van die Xhosa-gesang.
- B. gebaseer op die Xhosa-gesang.
- C. die volkslied van Suid-Afrika.
- D. gebaseer op die volkslied van Suid-Afrika. (1)

- 2 Wat beteken die titel in Afrikaans? (1)

- 3 Skryf in gewone Afrikaans: "Ek sluit my oë." (1)

4.1 Waarmee vergelyk die spreker die koor? Gebruik jou eie woorde. (1)

4.2 Waarom vergelyk hy hulle met engele? (1)

5 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur VIER woorde aan te haal. Die spreker het gehou van die singende stemme. (2)

6 Waarom word “U” (r. 5) met ’n hoofletter geskryf? (1)

7 Reël 7: Skryf die twee woorde wat op die ou manier gespel word, korrek neer. (2)

8 Reël 4–7: Soek ’n woord wat “’n groot groep mense” beteken. (1)

9 Kies die antwoord wat NIE pas NIE. Die woord “verenigd” (reël 9) beteken:

- A. saamgevoeg.
- B. bymekaar.
- C. verewig.
- D. verbind. (1)

10 Verduidelik die metafore in reël 11 en 12. (2)

11 Verduidelik wat die funksie van die volgende leestekens is:

11.1 die dubbelpunte in versreël 3 en 6 (1)

11.2 die aandagstreep (1)

11.3 die parentese (woorde tussen twee aandagstrepe) in versreël 8 (1)

12 Soek die woord in die gedig wat dieselfde beteken as “blyplek”. (1)

13 Vergelyk die spelling van die naam van hierdie gedig met die naam van ons volkslied. (1)

14 As die verteller vandag gevra word of sy gebed verhoor is, wat dink jy sou sy antwoord wees? (1)

15 Bespreek die gedig se innerlike en uiterlike bou as voorbeeld van ’n Engelse sonnet. (4)
